

Grain SA

PO Box 74087, Lynnwood Ridge, 0040

Tel: +27 (86) 004 7246 | Fax: +27 (86) 724 2764

E-mail: info@grainsa.co.za



Opebrief deur Dr Pieter Taljaard, HUB, Graan SA na aanleiding van die reaksie tans op sosiale media rakende die NAMPO 2022 COVID-regulasies vir besoekers: “Wie is NAMPO?”

NAMPO en Graan SA het die afgelope week uit verskeie oorde onder hewige kritiek deurgeloopt as gevolg van die COVID-regulasies vir besoekers van NAMPO 2022 – en sommige van die oorde was verbasend. Uit die staanspoor, ter inligting – ons toepassing van die regulasies is gebaseer op die Rampbestuurswet: Regulasies: Oorgangsmatreëls – wat hier gelees kan word:

<https://www.gov.za/covid-19/about/transitional>

Ek dink ‘n goeie plek om te begin, is om almal weer voor te stel aan NAMPO en te herinner wie en wat NAMPO is.

Ek weet baie weet dit, maar NAMPO, die handelsmerk en die plaas buite Bothaville met sy infrastruktuur behoort aan Graan SA. Die volgende logiese vraag is dan, aan wie behoort Graan SA? Dis ‘n eenvoudige antwoord – Graan SA behoort aan die huidige en vorige graanprodusente van Suid-Afrika – asook die toekomstige geslagte graanprodusente. Graan SA is ‘n vrywillige, nie-winsgewende organisasie wat deur graanprodusente gestig is. Graan SA word steeds befonds uit graanprodusente se vrywillige heffings wat hulle betaal op die graan en oliesade wat hulle produseer. Vir hierdie rede fokus en werk Graan SA suiwer op die mandate wat sy lede op ‘n jaarlikse kongres besluit. Dit is juis omdat die Graan SA kongres afgevaardigdes vroeg in Maart hierdie jaar, juis op NAMPO Park, saamgestem het oor dié manier wat ons NAMPO gaan aanpak, en dit op groot risiko en onsekerheid op daardie stadium.

NAMPO het ontstaan uit drie graanprodusente naby Bloemfontein wat die behoefte gesien het om vir hulself en mede-produsente ‘n geleentheid daar te stel waar hulle die nuutste landbou toerusting in aksie kon sien. Daarmee saam kon ander inset verskaffers die geleentheid gegun word om met huidige en voornemende kliënte te skakel, nuwe produkte en idees te deel en ook netwerke en verhoudinge bou. NAMPO het deur die jare gegroei en ander stalletjies het bygekom om dit ook vir die produsente se geliefdes ‘n unieke en aangename ervaring te maak, omdat ons produsente en lede familie mense is.

Die hoofdoel van NAMPO vandag is steeds om die geleentheid daar te stel waar voedsel produsente van hierdie land en buurlande na die nuutste tegnologie en produk innovasies kan kom kyk, met kundiges in die bedryf kan kom gesels en nuwe idees kom kry. Ek het soveel keer al gesien, die ou wat die meeste leer op NAMPO, is die ou wat staan en luister hoe ander oor ‘n saak of uitdaging gesels. Ja baie keer weet so luisteraar nie eers hy het ‘n probleem of uitdaging nie, maar deur te luister kan hy sy eie voortbestaan en winsgewendheid dalk verbeter – die voordeel van om te kan netwerk. Ten tweede is NAMPO al van 1967 af ook gebruik om addisionele fondse in te samel om die nodige bedrywighede, dit is nou om hul eie sake beter te maak, te kan befonds. So ja, die doel met NAMPO is ook om addisionele geld in te samel (want die geleentheid is daar, en om die park te onderhou kos ‘n aardige bedraggie per jaar) om doelwitte te kan bereik om sake vir voedsel produsente van die land beter en volhoubaar te maak.

Alhoewel NAMPO se hoofdoel nie wins is nie, gaan dit oor die besigheid wat daar, en in die toekoms gedoen word regoor die hele landbou waardeketting en dit is hoekom NAMPO belangrik is, nie net vir landbou nie, maar vir Suid-Afrika. Dit gaan dus nie net oor die fisiese besigheid wat gedurende die NAMPO week gedoen word nie, maar veel meer, sodat die voedsel produsente kan aanhou om die beste kwaliteit kos teen die beste pryse te produseer vir die mense van Suid-Afrika.

Die gemiddelde produsent spandeer bykans 7 ure op so 'n dag se besoek aan NAMPO, en dit is belangrik om te weet dat al die kos wat daar te koop aangebied word deur plaaslike en omliggende dorpe se (nie-winsgewende) instansies soos kerke, skole en boereverenigings bedryf word om ook hulle fondse aan te vul. Jaarliks word honderde duisende rande sodoende in gemeenskappe terug geploeg.

Daar is verskeie faktore wat die winsgewendheid van graan- en oliesaad produksie beïnvloed – waarvan een van die uitdagendste, die regering is. Graan SA en verskeie ander georganiseerde landbou organisasies is juis daagliks besig, op die veld, in die arena – om saam in hierdie skrum te druk. Te druk vir vryheid, regverdigheid, vir billike en eerlike regeringsdienste en werkende infrastruktuur en 'n veilige land vir ons en ons kinders.

Deur die huidige reaksie teenoor NAMPO 2022 word die span, waarvan die graanprodusente deel is, deur hul eie toeskouers uitgejou, gevloek en sleggemaak. Die spelers op die veld moet die punte aanteken – en die stryd op die veld is uitdagend genoeg. En ongeag wat op die paviljoen aangaan – die spel op die veld gaan onverpoos voort. Dis haas onmoontlik as die mense wat jou moet ondersteun óók dan teen jou is. Help ons eerder, ondersteun en motiveer ons eerder want dis 'n groot stryd dié, ons speel vir die eindstryd en ons moet ons plek bly oop speel. Jy moet op die veld wees om punte te kan aanteken. Dis nie ons reëls nie, maar die lesse wat ons geleer het in die verlede moet ons onthou en weet net daar is 'n plan, 'n duidelike strategie agter alles!

Graan SA is trots om te kan sê ons ontvang 100% skoon oudits en dit is 'n bewys van die verantwoordelike manier waarop ons dinge hanteer en bestuur – daardie integriteit gaan ons nie inboet nie. Hoe ander organisasies hulle besigheid bedryf en regkry wat hulle regkry het niks met ons te doen nie. Ons het 'n taak voor hande, en dis om 'n suksesvolle NAMPO 2022 aan te bied – ten goede van ons lede, graanprodusente, gemeenskappe en die hele Suid-Afrika. Ons NAMPO 2022 en Graan SA span is toegewyde, passievolle en kundige mense wat ná 'n twee jaar afwesigheid uitsien om weer NAMPO te kan aanbied. Hiermee volstaan ek, fokus eerder saam met ons op die taak op hande en die groter prentjie en doel. Deur NAMPO 2022 skade te probeer berokken straf jy nie die opposisie nie – jy straf die span. Ons bly hoopvol dat al die regulasies wat hierdie ongelukkigheid veroorsaak het teen begin Mei afgeskaf sal wees, maar ongeag, kom ons beweeg aan en fokus op die spel.